

Skriflesing: Romeine 7:16-26; Filippense 1:1-11

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 16**

Teks: Filippense 1:6

Sing- Ps. 90:1,9; Ps. 77:1; Ps. 31:17,19

Wanneer paragraaf 15 in sy volle omvang rondom 'n mens gespan word, broeder en suster, dat sekere mense in die verdoemenis gaan bly, die verdoemenis waarin hulle hulself gewerp het, dan word dit nie altyd ewe goed ontvang nie. Dit is God wat besluit het om hierdie verwerptes nie uit die verdoemenis uit te haal nie, maar om sulke mense aan hulleself oor te laat. Die besluit tot dié verwerping kan met groot vrees in die hart jou hele wese begin omkeer.

Die Dordtse Leerreëls is terdeë bewus van hoe swaar kom hierdie belydenis op ons neer. Selfs mense wat uitverkies is, word nie deur die deel van die belydenis onaangeraak nie. Ons kry die mense, u en my ingesluit, wat dalk voel dat ons moedeloos word, dat mense eenvoudig vir jou sê dit is nie die moeite werd om te bly glo nie. As hulle van die verwerping hoor, dan begin sulke mense te wonder maar is ek nie dalk ook 'n verwerpene nie. Haat God my? Maak God met my dieselfde as wat Hy met Esau gemaak het?! Ek kan in alle geval niks doen dat God my ook sy eiendom sal maak nie, ek is nou maar net nie goed genoeg dat daar by my hierdie sterk geloof kan kom soos wat dit wel by ander kinders van die Here die geval is.

Broeder en suster, paragraaf 16 van die Dordtse Leerreëls praat met sulke mense, met sulke vrae. As ons voel dat ons het nog nie werklik 'n sterk geloof nie, dit mag vir u lyk dat u sukkel om waarlik aan die Here gehoorsaam te wees, moet nie moedeloos word nie. Paragraaf 16 stel dit dat sulke mense moet hulleself ook **nie onder die verworpenes reken nie, maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag. Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen gehoorsaam te wees en van die liggaam van die dood verlos te word, maar op die pad van die vroomheid en die geloof nog nie so ver gekom het as wat hulle wel wou nie, behoort nog minder die leer van die verwerping te vrees.** Sulke mense moet aanhou om die middele van God te gebruik, hulle moet God se genade bly verwag, hulle moet bly verlang na wat God ook aan hulle belowe het.

Die Here Jesus het dit duidelik gemaak, God werk op sy manier en op sy tyd. Dink maar hoe Jesus dit in Joh.3:8 baie duidelik gestel het- *Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is...* Die werk van die Heilige Gees is God wat werk. Ons kan nie bepaal en voorskryf wanneer die Heilige Gees nuwe lewe gaan bring nie, selfs in 'n mens wat voel hy/sy is geestelik dood. Alleen die Heilige Gees kan by sulke mense die lewe bring. Tog gebeur dit dat kinders sommer nog jonk al wedergebore kan wees, terwyl daar ouer mense mag wees wat nog moet wag om wedergebore te word. Dit is alleen God wat mense wedergebore kan laat word, geen mens kan daartoe enige bydrae lewer nie.

Dit is wel belangrik dat mens nie moet aanvaar dat almal in 'n gemeente wedergebore is nie. Dit sal 'n groot fout wees wanneer ons dit maar sommer vanselfsprekend sou aanvaar. Met hierdie gevaar aan die een kant is dit asof die Dordtse Leerreëls ons wil waarsku teen nog 'n gevaar aan die ander kant. As ek in myself nog nie die vrugte van die uitverkiesing agterkom nie, daar is by my nie geloof en gehoorsaamheid soos wat ek graag dit wou hê nie, moet nie dan maar sommer aanvaar ek is nie uitverkies nie. Dit is gevaarlik!

As die vrugte van die uitverkiesing nog uitbly, bly in alle geval glo dat God my dit nog sal skenk. Die God wat die geknakte riet nie sal verbreek en die dowwe lamppit nie sal uitdoof nie (Jes.42:3). Ons almal is in alle geval in die onvolmaakte van ons geloof goed ingelyf. Daar is nie een van ons wat mag voel ek is darem baie jammer vir daardie arme onskuldige mense wat niks daaraan kan doen dat hulle nie uitverkies is nie. God het darem baie beter na my gekyk as ná hulle. Pasop vir sulke selfvoldaanheid, iets van 'n selftevrede gearriveerdheid.

Niemand is uit homself/haarself beter as iemand anders nie. Geen volk is 'n beter volk as 'n ander volk nie. As daar net 'n sweempie van hierdie opvatting by u sou wees dan is u reeds tuis in die geselskap van die Remonstrant wat glo in wat hulle kan doen, is God hulle beter gesind as aan andere.

Terwyl ons glo dat daar bestaan nie so iemand soos 'n arme onskuldige mens nie. In die Woord van die Here lees ons Rom 3:11-13- *Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand*

wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hulle keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe...As ek myself sien soos Paulus homself sien- Rom.7:24- Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?

Elke iedere mens is uit eie wil in opstand teen God. As ek uit die verderf verlos word, dan het ek dit slegs aan God se soewereine liefde in Jesus Christus te danke. Kan ek dan God van onregverdigheid beskuldig wanneer Hy sommige nie uitverkies het nie? Dit is tog God se goddelike reg. Die mense verdien hierdie straf ten volle. Die Remonstrante in ons tyd moet dit ook weet. Hulle kan en mag hulleself nie só op die skouer wil klop met waartoe hulle hul geestelike lewe wil promoveer nie. Op grond van hulle eie promovering beskou hulle hulself as uitverkies. Dit is nie wat God ons openbaar nie. Al sou Paulus homself hoe goed in die geloof kon onderskei, ook onder hulle wat hulle geloof as gepromoveer beskou moet hulle Paulus dit hoor sê – *Ek ellendige mens...* Dit is ons, dit sal ons vanweë ons eie sonde nie anders kan stel nie.

Net so staan ons met hierdie belydenis in ons hande, dankbaar en vol verwondering dat die gebruik van die middele van God nie van ons emosie afhanklik is nie. Bekering en dit wat ons geestelike lewe omvat is nie altyd 'n dramatiese belewenis nie. In charismatiese kringe is die geneigdheid daar om mense emosioneel so mee te voer dat hulle opgesweep met groot belewenis hulle geloof en datum van bekering en hoe sterk hulle hul aan God verbonde voel vir die wêreld kan wys. As ek dit nie kan wys nie, dan word mens verkleineer dat daar met jou geloof fout is.

Vir sulke verkleining en verkleineerders dui ons belydenis 'n duidelik koers aan. Moet nie dat mense jou wysmaak dat in die harde en ware lewe daarbuite dit altyd 'n geval is van wys jou geloof en dit sal met jou goed gaan nie. Daarmee kan ons onself vergelyk met wat Jesus ons geleer het dat 'n goeie boom sal wel goeie vrugte moet dra, maar dit beteken nie dat hierdie boom dadelik met die vrugte oortrek is die oomblik as God die boom goed gemaak het nie. Daar is tyd daarvoor nodig en daar sal altyd nog weer vir die boom tyd gegee moet word om waarlik die vrug te gee wat die Here van praat. Die boom moet eintlik eers soort van in sy vrug kan

ingroei en dit is nie te sê dat as die boom nie dadelik goeie vrugte gee dat dit noodwendig 'n slegte boom is nie.

Dit gebeur eintlik maar soos wat daar nuwe lewe in die baarmoeder van 'n vrou kom. Die bevrugting en die groei van die nuwe lewe binne die vrou vind plaas sonder dat sy eers regtig daarvan bewus is. Die feit dat die vrou nie daarvan weet nie, beteken mos nie dat die gebeurtenis nie reeds aan die gang is nie. Die ontvangers van die wedergeboorte in die volle omvang daarvan sal baie keer nie eers ten volle bewus wees van hierdie geestelike lewe wat hulle ontvang het nie.

Om op God te wag, te wag ook dat God sy gawes in jou lewe net nog 'n groter vrug moet maak is reeds 'n gawe. Die gawe van wag op die Here. Dit bestaan, dit bely ons ook hier! Maar terwyl ons wag beteken dit nie dat ons passief moet wees nie. Juis nie, in sulke “wag- tye” wees dan veral aktief besig met God se Woord waardeur die Heilige Gees werk om ons geloof te versterk. In Sondag 45 V/A 116 van die Kategismus is dit in alle geval ons belydenis dat **God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank...** Hiermee saam het ons die belofte ontvang, soos deur die doopsformulier aan ons gestel- **dat as jy in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.** Dit sluit ten volle aan by wat Jesus in Joh.15:5 sê- *Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.* Hierdie veel vrug, is God se belofte wat ons te wagte mag wees, al is my hart, my gemoed, my verstand my gees, my hele wese selfs nog nie gereed nie, dan moet ek teen hoop bly hoop. Hoop wat in die Here geanker is, beskaam 'n mens nie.

Ons moet die Here voor oë hou. Dit wil ek sê is die geheim. Soos die lang hare van Simson 'n geloof geheim was, ja selfs sy lewensgeheim, so is dit die geheim van ons belydenis dat ek op God moet bly hoop dat sy genade in my nog méér mag word. Gebruik dan die genademiddele,

dit is die goeie raad wat God sy kinders gee, al is jou sin en wese in stryd met wat jy met jou oë aanskou. Ons weet dat wat ons aanskou en beleef is in alle geval nooit die volle prentjie nie. Van God se volkome werk kan ons in alle geval die volle prentjie nie vorm en vir onself uitmaak nie. Dit het Job op sy manier wat 'n harde manier was, moes uitvind. Om te kom van hoorsê tot waar hy in die laaste hoofstuk dit uitroep was nie 'n kortpad nie, alles behalwe 'n maklike pad-Job 42:5-6- *Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as.* Dit nadat Job homself aan die maatstaf van ons belydenis ook moes stel- Dit het hy al in v.3 gedoen- *So het ek dan gesprek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.* Dit is 'n hele pad wat Job moes deurloop, die grootste deel met baie groot worstelinge gevul.

Ons herken hierdie worsteling. Met groot fyngesvoeligheid reik die Dordtse Leerreëls uit na sulke mense. Hulle word bemoedig om aan te gaan. Verloor nie moed nie. Beskou jouself nie as 'n verworpene nie. Bly kerk toe gaan, die Bybel lees en bid. In sy Woord verseker God ons van die vrugte wat Hy op sy tyd deur die woord sal werk. In Filippense 1:6 skryf Paulus vir die heiliges te Filippi- *Hy wat 'n goeie werk in hulle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.* Hierdie gelowiges was mense soos u en ek.. Mense wat daagliks worstel met die onvolkomenheid van hul geloof. Paulus bid vir hulle dat hulle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word. Hulle moet nog daagliks groei in geloof, hoop en liefde. Soos ons vandag. Hoe bemoedig Paulus dan vir hulle en vir ons?

Deur te wys op die trou van God. Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, sal dit voleindig tot op die dag van Jesus Christus. God los jou nie halfpad nie. Dan sal die leer van die verwerping vir jou 'n aansporing wees om die komende toorn te ontvlug en jou toevlug tot die Here Jesus te neem. Hy het mos gesê dat Hy niemand wat tot Hom kom sal afwys nie. *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele (Mt 11:28,29).* Dan bly jy geduldig aanhou totdat jy die rus ontvang. En jy sal lewe.

Ons kan Paulus maar net weer in Romeine 7 met ons hoor praat. Hier beskryf hy eintlik sy eie geestelike worsteling. Paulus is op 'n wonderlike manier deur die Here bekeer en tot geloof in

Christus gebring. Tog sê hy van homself: *ek is vleeslik, verkoop onder die sonde* (vers 14). Ek kan die versoeking tot sonde maar net nie van my afskud nie. *Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek* (vers 15). *Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek* (vv. 18-19). So hoor ons die frustrasie en die teleurstelling.

Maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is"(v. 23). Daarom roep hy uit: *Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?* (vers 24). Wie sal my verlos van die bose en dodelike mag van die sonde, wat juis in hierdie liggaam my kwel?

Daar is slegs een antwoord: daar is verlossing in Jesus Christus! Daarom: Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! Hy vergeef my my sondes. Hy vernuwe my steeds weer en meer deur sy Heilige Gees. Paulus, 'n uitverkorene van die Here, beskryf homself as 'n sondige mens wat die goeie wil doen, maar wat steeds weer die sonde doen. Ons is nie anders nie. Beteken ons sondes dat ons verworpenes is? Nee. Die wat tot God bekeer is, kan die gebooi van God nie volmaak gehoorsaam nie. Selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (Sondag 44, HK). Ek probeer miskien baie hard om die sonde te weerstaan. Tog bly ek in gebreke. Behoort dit my te pla? Ja, seker. Is dit iets wat my verbaas? Nee. Die Here het my hart verander. Maar Hy het my nog nie vervolmaak nie. Intussen moet ek bly stry. Ek hoef oor die sonde nie verbaas te wees nie, maar wel bedroef. Tog moet ek nie daaruit aflei dat ek nie by God behoort nie.

So een hoef die leer van die verwerping nie te vrees nie. Al het die Here net 'n klein begin al in sy kind kon maak, dan sal die Here klaarmaak wat Hy begin het. God begin nooit met iets dan maak Hy dit nie klaar nie. As Hy met die geloof in jou begin het, dan sal Hy dit voltooi. Soos dit ook in Psalm 138:8 staan, so gebeur dit- *Die HERE sal dit vir my voleindig! U goedertierenheid, HERE, is tot in ewigheid: laat nie vaar die werke van u hande nie!* Daardie dae wat ons so mismoedig, so kleingelowig mag raak, dan moet ons hieraan vashou. Daar waar Jesus ook vir Petrus gesê het dat die duiwel het vurig begeer om julle soos koring te sif, maar Ek

het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie. Die duiwel kan ons baie rondskud, maar weet verseker dat al word ek hoe hard geskud ek baie rond kan val, maar ek kan nie uitval nie. Die Here sal nie toelaat dat ons deur die gate van die sif val nie, al skud die duiwel die sif ook hoe hard! As Die Here sê jou geloof sal nie ophou nie, soos Jesus vir Petrus gebid het, dan sal so een se geloof nie ophou nie.

Maar nou moet ons goed verstaan, wanneer mense onverskillig en sorgeloos in hulle lewe voortgaan. Hulle is nie in die minste bekommerd daaroor of hulle uitverkies is of nie, dit raak hulle nie eers nie, niks van die Here se beloftes het vir hulle enige betekenis nie, sulke mense het baie om te vrees. Al sal party selfs sê dat hulle christene is maar hulle steur hulle nie werklik aan Jesus Christus nie, vir hulle is die leer oor die verwerping reeds 'n bewys dat waar hulle lewe duidelik wys dat sondige begeertes hulle lewe beheers, sulke mense lewe reeds buite die genade van God. Mense wat hulle aan hierdie wêreld in sy boosheid reeds oorgegee het, moet nie op die einde genade verwag nie. Al wat ons mag vra is dat sulke mense op hulle pad moet omdraai. Dat daar bekering moet wees. Ons as mense kan nie oor hulle oordeel en bepaal dat hulle nie uitverkies is nie. Ons kan nooit oor ander só oordeel asof dit ons is wat kan besluit is daardie een uitverkies of nie.... Ons kan en mag dit nie doen nie!

So moet ons selfs mense wat in hulle sondes volhard alleen na die Here wil terugroep, want dit kan met so een wees soos met die misdadiger saam met Jesus gekruisig. As mense vandag sou wou oordeel toe hy daar saam met Jesus gekruisig was dan sou nege uit die tien seker wou oordeel dat hy nie uitverkies is nie, dat hy verwerp is, tog weet ons dit was juis nie die geval nie. Op die heel laaste, waar hy reeds gekruisig hang, daar het hy sy lewe in die hande van die Here kon sien. Hy was uitverkies al sou mense dit enkele minute terug wou betwyfel. So moet ons met alle mense omgaan nie asof hulle verworpenes is nie, maar asof hulle uitverkorenes is. Ons moet almal- alle mense- tot geloof en bekering oproep sonder om enige mense vooraf te wil oordeel. Sou mense dan maar nog steeds in hulle onverskillige lewens voortgaan dan sal hulle verlore gaan en sal dit eendag blyk dat hulle tot die verworpenes behoort.

Die leer oor die verwerping hoef ons nie te vrees nie, maar dit moet ons eerder oproep tot net nog groter trou en liefde aan die Here. Ons wil die genademiddele van die Here so gebruik dat ons juis glo dat hierdeur word ons in ons geloof en hoop en liefde versterk.

AMEN



